

VERBETER ENERGIE- VERBRUIK IN JOU HUIS

Ons bestee soveel
geld aan elektriese
krag. Daar moet
maniere wees om te
bespaar.



HOAP

PAMFLETTE MET RAAD VIR DIE HUISEIENAAR



WAT IS ENERGIE



Energie is 'n belangrike deel van die daaglikse lewe in enige huishouding, en baie huishoudings bestee amper 'n derde van hul inkomste daaraan. In Suid-Afrika is die belangrikste energiebronne vir huishoudelike gebruik elektriese krag, steenkool, parafien en gas.

Dié energiebronne is duur en kan ook gevaarlik en ongesond wees. Om energie beter te gebruik beteken om jou lewenskwaliteit te verbeter.



HOE JY ELEKTRIESE KRAG KAN BESPAAR

Goeie kennis van energie sal jou help om die regte keuse te maak. Vind uit wat beskikbaar is en wat jy kan bekostig; wat veilig is (*geen bedreiging vir die gesondheid inhou nie*); wat skoon is (*geen besoedeling veroorsaak nie*). Vir die omgewing is dit die beste om hernubare energiebronne te gebruik, d.w.s. krag wat opgewek word deur die son (sonenergie), wind of water (hidro-elektriese krag).

KEUSES VIR ENERGIE-BESPARING




KOOK-KEUSES VIR ENERGIE-BESPARING

- *Beskikbaar en bekostigbaar.* Die goedkoopste manier om te kook, is om 'n sonenergie-stofie te gebruik wat deur die son verhit word. Maar dit kan nie sonder ander kragbronne gebruik word wat dit steun nie, en dit is nie vir alle kossoorte geskik nie. Elektriese stowe is duur. Om met gas te kook, het jy 'n geskikte toestel en gasbottels nodig wat baie plek in beslag neem.
- *Veilig.* Parafien is nie veilig en ook nie gesond nie. Dit mag veilig wees om met gas of elektrisiteit te kook, maar 'n sonenergie-stofie is verreweg die veiligste.
- *Skoon en hernubaar.* 'n Sonenergie-stofie is die skoonste kragbron vir kosmaak, gevolg deur gas en elektriese krag. Warm houers (*isolasië-houers*) verminder die hoeveelheid energie wat benodig word. Elektriese krag word algemeen gebruik vir kosmaak, maar dikwels word steenkool gebruik om elektriese krag te op te wek, en dit besoedel die lug.
- *Die beste keuse.* Dit is maar die beste om 'n kombinasie van kooktoestelle te gebruik, soos bv. 'n elektriese kookplaat en 'n gasring. As jy boonop 'n sonenergie-stofie of 'n warm houër het, kan jy heelwat energie bespaar.



KEUSES OOR WARM WATER

- *Beskikbaar en bekostigbaar.* Om water met sonenergie te verwarm, veroorsaak die laagste bedryfskoste, maar dit is duur om so 'n sonenergie-toestel aan te skaf. Waterverwarmers wat met elektriese krag of met gas bedryf word, is ook duur. Keuses wat oor die kort termyn bekostigbaar is, soos parafien, bring heelwat onkoste op die lange duur.
- *Veilig.* Die meeste waterverwarmingstelsels is veilig om te gebruik. Dit kan gevaarlik wees om water oor 'n parafienvlam of bo-op 'n stoof te verwarm. Vure wat binne huise aangesteek word, besoedel dikwels die lug. Dit kan lei tot kwale van die asemhalingstelsel soos brongitis of asma.
- *Skoon en hernubaar.* Die skoonste keuse is 'n waterverwarmer wat met sonenergie werk.
- *Beste keuse.* Waterverwarmers wat met sonenergie werk, is die beste keuse. Gas-waterverwarmers en geïsoleerde elektriese waterverwarmers of kitsverwarmers is ook goeie keuses.



DIE BELANGRIKSTE RAAD:

- KRY AL DIE NODIGE INLIGTING VOORDAT JY BESLUIT
- DIT IS GOED OM 'N VERSKEIDENHEID KRAGBRONNE TE GEBRUIK
- SORG DAT JY DIE GESONDHEIDS- EN VEILIGHEIDSRISIKO'S GOED VERSTAAN
- BESLUIT VOLGENS DIE HOEVEELHEID GELD WAT JY KAN BESTEE



KEUSES OOR LIGTE



- *Beskikbaar en bekostigbaar.* Elektriese ligte is die goedkoopste keuse. Kompakte buisligte (KBL) het die laagste bedryfskoste, maar is duur om aan te skaf. Dit hou egter agt keer so lank as gewone ligte.
- *Veilig.* Elektriese ligte is die veiligste. Parafienlampe is gevaarlik en ongesond. Kerse en parafienligte veroorsaak die meeste brande.
- *Skoon en hernubaar.* Sonenergie-stelsels, wat "foto-voltaïes" genoem word, is die skoonste maar ook die duurste keuse. Elektriese ligte is die skoonste keuse.
- *Beste keuse.* Elektriese ligte is die beste keuse, veral as jy KBLs (kompakte buisligte) gebruik.

KEUSES OOR VERWARMERS VIR JOU HUIS



- *Beskikbaar en bekostigbaar.* Steenkool en parafien is die goedkoopste en kan meer as een diens gelyktydig verskaf. So kan 'n steenkoolstoof gebruik word om gelyktydig kos te kook, die huis te verwarm en water te verhit.
- *Veilig.* Steenkool, hout en parafien hou ernstige gevare in vir jou gesondheid en veiligheid.
- *Skoon en hernubaar.* Elektriese krag en gas besoedel nie jou huis nie. Die beste en skoonste voorsorg is egter om jou huis warmte-effektief te maak. Dit beteken dat jy goeie isoleerstof moet gebruik, en maak ook seker dat jou huis na die son gekeer is en beskut teen koue winde.
- *Beste keuse.* Die beste keuse is goeie isolering en om die son se warmte te benut. Verder kan jy elektriese staaf-verwarmers of gasverwarmers in die kamers gebruik. Gebruik ook goeie gordyne voor die vensters en herstel plekke wat 'n trek (koue lug wat instroom) veroorsaak.

KEUSES OOR YS- EN VRIESKASTE

- *Beskikbaar en bekostigbaar.* Verkoeling met elektriese krag is baie goedkoper as met gas of parafien. Kisvormige vrieskaste bewaar die koue beter as dié wat regop staan.
- *Veilig.* Die meeste metodes van verkoeling is veilig, maar parafien hou die grootste risiko in.
- *Skoon en hernubaar.* Ouer yskaste gebruik CFK-gasse (chloroflourokoolstofgasse), wat die osoonlaag van die atmosfeer beskadig.
- *Die beste keuse.* Gebruik 'n yskas of vrieskas sonder CFK.

KEUSES OOR RADIO EN TELEVISIE

- *Beskikbaar en bekostigbaar.* Toestelle wat krag uit muurproppe gebruik (wat oor oorhoofse kables verskaf wat) is goedkoper en maklik bekombaar in stedelike gebiede. Droësel-batterie is duur, maar is geskik vir draagbare radio's en TV-stelle.
- *Veilig.* Elektriese krag is die veiligste keuse vir radio's en TV-stelle.
- *Skoon en hernubaar.* Elektriese krag en batterie is skoon tydens gebruik. Fotovoltaïese stelsels is hernubaar, maar is baie duur om aan te skaf.

Batterie bevat giftige swaar metaal soos bv. lood, wat 'n gevaarlike afvalstof is. 'n Veilige manier om van ou batterie ontslae te raak, is om dit by 'n batterysentrum in te handig.

- *Die beste keuse.* Toestelle wat elektriese krag uit muurproppe kan gebruik, is die mees betroubare, bekostigbare en ook die veiligste keuse.



LEES OOK DIE ANDER PAMFLETTE OOR:

- **Hoe om jou huis te pleister**
- **Veilige en gesonde energiegebruik**
- **Maak die beste gebruik van jou erf**



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Gepubliseer by Development Action Group
101 Laer Hoofweg, Observatory, 7925
Tel: (021) 448-7886 • Faks: (021) 447-1987